**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA**

**(NOORD GAUTENG HOOGGEREGSHOF)**

Saak nommer: **CC384/2006**

Datum: **14 Oktober 2010**

HAAL DEUR WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE
(1) RAPPORTEERBAAR: JA/~~NEE~~
(2) VAN BELANG VIR ANDER REGTERS: ~~JA~~/NEE
(3) HERSIEN ✓

14/10/2010 [signature]
DATUM HANDTEKENING

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

teen

| | |
|---|---|
| **MARIA JOHANNA PRINSLOO** | **BESKULDIGDE 1** |
| **HERBERT HENRY PRINSLOO** | **BESKULDIGDE 2** |
| **MARIA JOHANNA LEMSTRA** | **BESKULDIGDE 3** |
| **GERRIT LEMSTRA** | **BESKULDIGDE 4** |
| **WILLEM JACOBUS PELSER** | **BESKULDIGDE 5** |
| **IZABEL ENGELBRECHT** | **BESKULDIGDE 6** |
| **HENDRIK ENGELBRECHT** | **BESKULDIGDE 7** |

**VONNISUITSPRAAK**

Pretorius R

[1] Al sewe beskuldigdes is skuldig bevind aan verskeie ernstige klagtes waar daar deur wetgewing óf mininum vonnisse óf hoë maksimum vonnisse voorgeskryf word. Die beskuldigdes is ook aan talle mindere klagtes skuldig bevind.

[2] Alhoewel die assessore hulp van onskatbare waarde verleen het tydens die bepaling van die meriete van die verhoor, is die moeilike taak van vonnisoplegging die hof s'n alleen. In **S v Lekaota 1978 (4) SA 684 (AA)** bevind Rabie AR op 688 – 689:

> *"Die assessore se funksie as lede van die Verhoorhof het geëindig toe hulle beslis het oor die vraag of daar versagtende omstandighede aanwesig was al dan nie. Hulle het geen bevoegdheid gehad om daarna deel te neem aan die beslissing oor die straf wat opgelê moes word nie. Dit is bekende reg."*

en verder:

> *"Dit is nie onreëlmatig vir 'n Verhoorregter om met sy assessore oor die vraag van 'n gepaste vonnis te raadpleeg nie (S v Sparks and Another ( supra te 404G - H)), maar hy moet vanself, op sy eie, daaroor beslis."*

[3] Ek het die kwessie van versagting en verswaring met betrekking tot vonnis met die assessore bespreek, maar het hulle geen aandeel in die vonnisse soos wat dit opgelê sal word nie. Beide assessore is in die duister oor watter vonnisse opgelê sal word en is die vonnisse nie met hulle gedeel nie. Hoe om te bepaal welke vonnis gepas is in elke geval steeds een van die moeilikste take van 'n regter.

[4] Beskuldigdes 1, 2, 3, 4 en 6 is skuldig bevind aan twee klagtes waarvoor die maksimum voorgeskrewe vonnis in terme van die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, Wet 121 van 1998 (POCA) lewenslange gevangenisstraf óf 'n boete van hoogstens R1000 miljoen is. Beskuldigde 1 is verder aan oortreding van artikel 2(1)(f) van POCA skuldig bevind met dieselfde maksimum vonnis. Beskuldigde 5 is skuldig bevind aan oortreding van artikel 2(1)(b) van POCA, wat beteken dat dieselfde straf van toepassing is. Beskuldigdes 1, 4, 6 en 7 is ook op verskeie klagtes van oortreding van artikel 4 van POCA skuldig bevind waar die maksimum voorgeskrewe straf R100 miljoen of 30 jaar gevangenisstraf is.

[5] Die hof het bevind dat die onderneming deur 'n patroon van rampokkery bedryf is soos uiteengesit in die uitspraak. Die beskuldigdes, uitgesonderd beskuldigde 7, is ook aan verskeie klagtes van bedrog, diefstal en oortreding van bepalings van verskeie wette skuldig bevind. Beskuldigde 7 is aan twee klagtes in terme van artikel 4 van POCA, dit is geldwassery, skuldig bevind.

Dit is duidelik uit die maksimum vonnisse wat deur POCA bepaal word, dat rampokkery in 'n baie ernstige lig deur die wetgewer beskou word.

[6] In die sogenaamde *Zinn*-trits waar Rumpff AR in **S v Zinn 1969 (2) SA 537 (AD)** op 540 bevind het:

> *"It then becomes the task of this Court to impose the sentence which it thinks suitable in the circumstances.* ***What has to be considered is the triad consisting of the crime, the offender and the interests of society."***(Hof se klem).

***[7]*** Dit is verder belangrik om na die pligte van 'n regter te verwys by vonnisoplegging soos Rumpff AR in die **Zinn saak** ***(supra)*** uiteengesit het op 541:

> *"As regards the duties of a Judge in imposing punishment, we have been referred, inter alia , to Voet , vol. 1, p. 57, where, in a note, it is said ( Gane's translation, vol. 2, p. 72):*
>
>> 'It is true, as Cicero says in his work on Duties , Bk. 1, Ch. 25, that anger should be especially kept down in punishing, because he who comes to punishment in wrath will never hold that middle course which lies between the too much and the too little. It is also true that it would be desirable that they who hold the office of Judges should be like the laws, which approach punishment not in a spirit of anger but in one of equity.'
>
> *In the same note, also, it is stated that*

'among the faults of Judges which are most harmful are hastiness, the striving after severity and misplaced pity'.

*The same author, at XL VIII, 19, 4., comments on the duty of a Judge as follows:*

> 'he must be watchful to see that no step is taken either more harshly or more indulgently than is called for by the case'

*and*

> 'in trivial cases indeed Judges ought to be more inclined to mildness, but in more serious cases to follow the severity of the laws with a certain moderation of generosity'
>
> *( Gane's trans., vol. 7, p. 504).*"

[8] Die *Zinn*-trits bestaan uit die misdaad, die misdadiger en die gemeenskapsbelang, wat in hierdie geval die talle beleggers insluit wat miljoene rande verloor het. Dit word van die hof verwag om al die faktore op te weeg en in aanmerking te neem om 'n gebalanseerde vonnis op te lê. Ten einde dit te doen moet die hof elke misdaad waaraan elke beskuldigde skuldig bevind is, deeglik oorweeg om 'n gepaste vonnis te bepaal. Dit is belangrik om te vermeld dat in hierdie geval al die misdade waaraan die beskuldigdes skuldig bevind is, verband hou met mekaar, aangesien die misdade tydens die bestaan van die onderneming wat deur rampokkery bedryf is, gepleeg is.

[9] In **S v Rabie 1975 (4) SA 855 (AD)** op 862 A – B het Holmes AR bevind:

> *"The main purposes of punishment* ***are deterrent, preventive, reformative and retributive;"***

En op 862 G – H:

> ***"Punishment should fit the criminal as well as the crime, be fair to society, and be blended with a measure of mercy according to the circumstances."***(Hof se klem).

[10] **In S v Swart 2004(2) SACR 370 (SCA)** op 378 in par 12 bevind Nugent AR:

> *"What appears from those cases is that in our law retribution and deterrence are proper purposes of punishment and they must be accorded due weight in any sentence that is imposed. Each of the elements of punishment is not required to be accorded equal weight, but instead proper weight must be accorded to each according to the circumstances.* ***Serious crimes will usually require that retribution and deterrence should come to the fore and that the rehabilitation of the offender will consequently play a relatively smaller role."*** (Hof se klem.)

[11] Die erns waarmee die wetgewer die oortreding van artikel 2 van POCA bejeën, blyk duidelik uit die maksimum strawwe wat opgelê kan word, naamlik R1000 miljoen of lewenslange gevangenisstraf. Dieselfde geld ten opsigte van die minimum vonnisse soos uiteengesit in artikel 51 van Wet 105 van

1997 waar 15 jaar gevangenisstraf die minimum vonnis voorgeskryf is in sekere gevalle soos uiteengesit in Deel 11 van Skedule 2 van die Wet.

[12] Die hof moet hierdie strawwe nie uit die oog verloor by die bepaling en beoordeling van strafverswarende en/of strafversagtende faktore nie. Die beskuldigdes is ook aan verskeie klagtes skuldig bevind waar die minimum vonnis 15 jaar gevangenisstraf is.

[13] In **S v Abrahams 2002 (1) SASV 116 (SCA)** het Cameron AR ten opsigte van minimum vonnisse op 126 bevind:

> *"Even when substantial and compelling circumstances are found to exist, the fact that the Legislature has set a high prescribed sentence as* 'ordinarily appropriate' *is a consideration that the courts are* 'to respect, and not merely pay lip service to'. *When sentence is ultimately imposed, due regard must therefore be paid to what the Legislature has set as the* 'bench mark'.*"*

[14] Dit is só dat die beskuldigdes skuldig bevind is aan verskeie klagtes waar lewenslange gevangenisstraf hulle in die gesig staar. In terme van artikel 4 van POCA kan hulle ook op elk van die tien klagtes van geldwassery R100 miljoen of 30 jaar gevangenisstraf opgelê word. Dan is hulle skuldig bevind aan verskeie klagtes wat 'n minimum vonnis van 15 jaar vereis. Die hof kan nie anders as om hierdie misdade in 'n baie ernstige lig te beskou nie, veral

waar die skade aan die gemeenskap onmeetbaar was. Die klagtes van bedrog en diefstal waaraan hulle skuldig bevind is, hang nou saam met die vorige klagtes, maar is ernstige klagtes wat nie sonder meer afgemaak kan word nie en moet die hof afsonderlik aandag skenk aan 'n gepaste straf in elke geval.

[15] Die maksimum straf vir die bedryf van 'n bank in terme van artikel 11(1) van die Bankwet is 'n maksimum R100 000.00 of 5 jaar gevangenisstraf of beide. Uit die strafbepaling is dit duidelik dat ook hierdie misdaad nie 'n geringe misdaad is nie, maar het die Wetgewer 'n hoë straf bepaal om die erns van die misdaad te beklemtoon. In terme van artikel 91 van die Bankwet 94 van 1990 is die straf voorgeskryf vir oortreding van artikel 84(8)(c) en (d) 'n maksimum boete óf gevangenisstraf van 5 jaar of beide. Die Wetgewer het hier dus ook nie 'n geringe straf voorgeskryf nie en word oortreding van hierdie artikels in 'n ernstige lig beskou.

[16] Die beskuldigdes is skuldig bevind aan oortreding van artikel 135(3)(a) van die Insolvensiewet waar die maksimum gevangenisstraf wat op elke klag opgelê kan word 2 jaar gevangenisstraf is. In terme van artikel 42 van die Koöperasiewet 91 van 1981 is die strafbepaling vir oortreding van die artikel hoogstens R 5000.00 óf gevangenisstraf van hoogstens 12 maande óf beide. Artikel 104(1) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 handel met ontduiking van belasting en is die strafbepaling 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens 5 jaar. By die diefstal en bedrogklagtes waar bedrae van meer as R 100 000.00 per klagte betrokke is geld die minimum vonnis van 15 jaar

gevangenisstraf op elke klagte, tensy wesenlike en dwingende omstandighede deur die hof bevind word om nie die minimum vonnis op te lê nie .

[17] Die bedryf van 'n skadelike sakepraktyk se maksimum vonnis is R 200 000.00 óf gevangenisstraf van 5 jaar óf beide. Weereens is hierdie dus ernstige klagtes. Die roekelose bedryf van 'n beslote korporasie in terme van artikel 64(2) van die Wet op Beslote Korporasies, Wet 69 van 1984 se strafbepaling is R 2000.00 of 2 jaar gevangenisstraf óf beide. In terme van artikel 441(1)(d) van die Maatskappywet 61 van 1973 is die roekelose bedryf van 'n maatskappy strafbaar met 'n boete óf gevangenisstraf van hoogstens 2 jaar.

[18] Die hof wil beklemtoon dat al die deskundige verslae, getuienis, gesag en die argumente van al die regsverteenwoordigers behoorlik nagegaan en oorweeg is.

[19] Die hof handel nie weer met die feite van die saak nie, aangesien die hof reeds in die uitspraak met die meriete van die saak gehandel het. Indien ek nie uitdruklik melding maak van sekere versagtende óf verswarende feite nie, is dit nie omdat ek nagelaat het om dit te oorweeg nie. Die hof is ook van oordeel dat in die lig van die erns van die meeste van die oortredings kan die klagtes nie saamgevat word vir doeleindes van vonnis nie maar moet die hof afsonderlik met elke klagte handel.

[20] In **S v Immelman 1978 (3) SA 726 AA** op p728 – 729 het Corbett AR beslis:

> *"In my view, difficulty can also be caused on appeal by the imposition of a globular sentence in respect of dissimilar offences of disparate gravity. The problem that may then confront the Court of appeal is to determine how the trial Court assessed the seriousness of each offence and what moved it to impose the sentence which it did. The globular sentence tends to obscure this."*

[21] In hierdie geval weeg die erns van die misdrywe en die gevolge van die misdrywe meer as die beskuldigdes se belang. Die vergelding en voorkomende elemente van die vonnisse moet voor die beskuldigdes se belange gestel word as die hof al die omstandighede in aanmerking neem en veral in die lig van die verswarende omstandighede soos aan die hof voorgehou en wat nie deur enige van die beskuldigdes betwis is nie. Die hof moet egter steeds nie die beskuldigdes as menswaardige wesens op die altaar van vergelding opoffer nie, maar moet wel die gepaste vonnisse met genade temper.

[22] Die hof kan ook nie gesamentlik na die beskuldigdes se omstandighede kyk en dit opweeg nie. Elke beskuldigde moet op sy of haar eie meriete beoordeel word ten opsigte van sy of haar deelname aan die onderneming; die klagtes waaraan hulle skuldig bevind is, asook hulle persoonlike omstandighede.

Derhalwe behandel die hof die beskuldigdes afsonderlik by die oplegging van vonnis. In **St v de Kock 1997 (2) SASV 171 (TPA)** het Van der Merwe R op p183 bevind:

> *"By vonnisoplegging is dit die vonnisoplegger wat met alle moontlike ervaring en wysheid in pag vir die eerste en laaste keer met 'n besondere individu werk. Daarom moet alles wat 'n invloed op die pleging van die misdrywe gehad het oorweeg word ten einde 'n korrekte besluit te kan neem oor die toekoms van daardie besondere individu."*

[23] Ongelukkig het slegs beskuldigde 6 haar weg oopgesien om te getuig ter versagting en moet die hof in die ander ses beskuldigdes se geval staatmaak op die deskundiges se getuienis en die regsverteenwoordigers se argumente, asook die feite soos bevind op elke aanklag.

[24] Beskuldigdes is ook skuldig bevind aan verskeie misdade wat bedrog en diefstal insluit waar artikel 51 (2) van die Wet 105 van 1997 van toepassing is. Die misdade genoem in Bylae 2 Deel 2 van die Wet wat hier geld is:

> *"'n Misdryf wat verband hou met deviese beheer, afpersing, bedrog, vervalsing, uitgifte, diefstal, of 'n misdryf in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voornoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004-*

> *(a) waarby bedrae van meer as R500 000,00 betrokke is;*
>
> *(b) waarby bedrae van meer as R100 000,00 betrokke is, indien bewys is dat die misdryf deur 'n persoon, groep persone, sindikaat of 'n onderneming handelende in die uitvoering of ter bevordering van 'n gemeenskaplike doel of sameswering gepleeg is;"*

[25] Die minimum vonnis in hierdie geval is 15 jaar gevangenisstraf tensy daar wesenlike en dwingende omstandighede is wat 'n mindere vonnis regverdig. In **S v Dodo 2001 (1) SASV 594 (CC)** op p 614 bevind Ackermann R:

> *"[38] To attempt to justify any period of penal incarceration, let alone imprisonment for life as in the present case, without inquiring into the proportionality between the offence and the period of imprisonment, is to ignore, if not to deny, that which lies at the very heart of human dignity.* ***Human beings are not commodities to which a price can be attached; they are creatures with inherent and infinite worth; they ought to be treated as ends in themselves, never merely as means to an end.****"* (Hof se klem)

[26] In **S v Malgas 2001 (1) SASV 469 (SCA)** bevind Marais AR op p 481:

> *"Courts are required to approach the imposition of sentence conscious that the Legislature has ordained life imprisonment (or the particular*

*prescribed period of imprisonment) as the sentence that should ordinarily and in the absence of weighty justification be imposed for the listed crimes in the specified circumstances. Unless there are, and can be seen to be, truly convincing reasons for a different response, the crimes in question are therefore required to elicit a severe, standardised and consistent response from the courts.* ***The specified sentences are not to be departed from lightly and for flimsy reasons. Speculative hypotheses favourable to the offender, undue sympathy, aversion to imprisoning first offenders, personal doubts as to the efficacy of the policy underlying the legislation, and marginal differences in personal circumstances or degrees of participation between co-offenders are to be excluded.***" (Hof se klem)

[27] Die hof neem in aanmerking dat dit sewe jaar geneem het voordat die saak verhoor is en dat die beskuldigdes verder 'n jaar op verhoor was. Hierdie feit is strafversagtend vir al die beskuldigdes aangesien die beskuldigdes nie normaal met hulle lewens kon voortgaan nie, maar geweet het die saak moet nog bereg word. Dit is duidelik uit die kliniese sielkundiges en maatskaplike werkers se verslae en getuienis dat die beskuldigdes 'n karige bestaan gevoer het nadat hulle op borgtog vrygelaat is. Dit is verder onder die hof se aandag gebring dat dit ook emosioneel en sielkundig moeilik vir die beskuldigdes was om die afgelope agt jaar te wag vir beregting van die saak. Weens die omvang van die saak, het die ondersoek daarvan deur die Suid-Afrikaanse Polisie Diens en PwC veel langer geneem as wat die geval is in

eenvoudiger en kleiner sake. Daar was 'n verdere vertraging van 'n jaar deurdat die beskuldigdes 'n onsuksesvolle aansoek gebring het vir staking van vervolging. Die verkryging van regshulp vir die beskuldigdes het weens talle tegniese probleme verdere vertragings veroorsaak. Die vonnisse wat die hof oplê, weerspieël die feit dat die hof die vertragings as erg versagtend aangemerk het. Sonder hierdie feit sou etlike jare by elke beskuldigde se vonnis gevoeg gewees het. Dit moet egter gemeld word dat die beskuldigdes slegs vier dae in aanhouding was voordat borg aan hulle verleen is en dat dit dus onderskeibaar is van gevalle waar beskuldigdes in aanhouding was en is minder strafversagtend. Al die beskuldigdes het al hulle bates verloor as gevolg van hulle eie optrede en staan vandag voor die hof sonder enige middele om boetes te betaal en was deurgaans tydens hierdie verrigtinge aangewese op regshulp deur die Regshulpraad verskaf.

[28] Beskuldigdes 1, 3, 4, 5, 6 en 7 het almal minderjarige kinders. Die hof moet uiteindelik bepaal wat van die kinders sal word indien gevangenisstraf aan die beskuldigdes opgelê word en het derhalwe die onderskeie regsverteenwoordigers versoek dat daar in alle opsigte gehandel word met al die kinders se omstandighede indien die ouers tot gevangenisstraf gevonnis sou word.

[29] In **S v M 2007 (2) SASV 539 KH** het die Konstitusionele Hof gehandel met die vonnis van primêre versorgers van kinders. Hierdie uitspraak het gehandel met artikel 28 van die **Grondwet Wet 108 van 1996** wat bepaal:

*"(1) Elke kind het die reg-*

*(a)…;*

*(b) op gesinsorg of ouerlike sorg, of op gepaste alternatiewe sorg wanneer die kind uit die gesinsomgewing weggeneem word;*

*(2) 'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak.*

*(3) In hierdie artikel beteken "kind" iemand onder die ouderdom van 18 jaar."*

[30] Die Konstitusionele Hof bevind in **S v M *(Supra)*** in par 17:

*"The four great principles of the CRC which have become international currency, and as such guide all policy in South Africa in relation to children, are said to be survival, development, protection and participation. What unites these principles, and lies at the heart of s 28, I believe, is the right of a child to be a child and enjoy special care…*

***[18] The unusually comprehensive and emancipatory character of s 28 presupposes that in our new dispensation the sins and traumas of fathers and mothers should not be visited on their children."*** (Hof se klem)

[31] Die hof bespreek in **S v M *(Supra)*** die begrip "oorheersend" wat gebiedend is in artikel 28, maar kom tot die gevolgtrekking in par 25 en 26:

> *"The problem, then, is how to apply the paramountcy principle in a meaningful way without unduly obliterating other valuable and constitutionally protected interests.*
>
> *[26] This Court, far from holding that s 28 acts as an overbearing and unrealistic trump of other rights, has declared that the best-interests injunction is capable of limitation."*

[32] Dit is die verantwoordelikheid van die hof om te bepaal óf daar 'n impak op die kind sal wees as die primêre versorger gevangenisstraf sonder keuse van 'n boete opgelê sou word. Die hof moet ook onafhanklik die beste belange van die kind oorweeg en die nodige gewig daaraan heg. Die hof moet verseker wees dat die kind versorg sal wees indien die primêre versorger gevangenisstraf opgelê word.

[33] Sachs R bevind in par 35:

> *"[35] Thus, it is not the sentencing of the primary caregiver in and of itself that threatens to violate the interests of the children.* ***It is the imposition of the sentence without paying appropriate attention to the need to have special regard for the children's interests that threatens to do so.*** *The purpose of emphasising the duty of the sentencing court to acknowledge the interests of the children, then,* ***is***

***not to permit errant parents unreasonably to avoid appropriate punishment.*** *Rather, it is to protect the innocent children as much as is reasonably possible in the circumstances from avoidable harm."* (Hof se klem)

[34] In hierdie geval moet die hof dus die belange van die kinders opweeg teen die belange van die Staat en die gemeenskap om persone te straf vir hulle misdadige optrede. Sachs R bevind in par 40 [Supra]:

> *"Indeed, it is profoundly in the interests of children that they grow up in a world of moral accountability where self-centred and antisocial criminality is appropriately and publicly repudiated. In practical terms, then, the difficulty is how appropriately and on a case-by-case basis to balance the three interests as required by Zinn, without disregarding the peremptory provisions of s 28. This requires a nuanced weighing of all the interlinked factors in each sentencing process."*

[35] Die hof moet dus in hierdie geval bepaal óf die belang van die kinders en die van beskuldigdes 1, 3 ,4 ,5, 6 en 7 die belang van die gemeenskap oorskadu as dit opgeweeg word.

[36] In **S v Howells 1999 (1) SASV 675 (CPD)** het Van Heerden Wnr R (soos sy toe was) bevind op p 682:

*"On the facts placed before this Court, it would appear that there is a real risk that, should the appellant be imprisoned, her children will have to be taken into care. This is obviously highly regrettable and makes this Court reluctant to condemn appellant to imprisonment.* ***But it is undoubtedly true that 'detection, apprehension and punishment in the way of imprisonment are prospects which a person embarking on this sort of crime must always foresee' ( S v Prinsloo ( supra ) at 672 i ).****"* (Hof se klem)

[37] Dit is sô dat in hierdie geval daar ses minderjarige kinders betrokke is. Die hof het egter deeglik navraag gedoen en vasgestel wat van elke en iedere kind sal word indien die primêre versorger direkte gevangenisstraf opgelê word. Die hof is tevrede dat die alternatiewe versorging vir al ses kinders aangespreek is en maak dan aan die einde van die uitspraak die nodige bevel wat handel met die kinders waar nodig.

[38] Die kumulatiewe effek van die vonnisse veroorsaak dat dit 'n sogenaamde Metusalemvonnis is soos uiteengesit in **S v Nkosi 2003 (1) SASV 91** op p 95 waar Farlam AR bevind:

*"[9] Thus, under the law as it presently stands, when what one may call a Methuselah sentence is imposed (ie a sentence in respect of which the prisoner would require something approximating to the longevity of Methuselah if it is to be served in full) the prisoner will have no chance of being released on the expiry of the sentence and also no chance of*

*being released on parole after serving one half of the sentence.* ***Such a sentence will amount to cruel, inhuman and degrading punishment which is proscribed by s 12(1) (e) of the Constitution of the Republic of South Africa Act 108 of 1996…"*** (Hof se klem)

[39] Hierdie hof neem nie die moontlikheid van parool in ag nie, aangesien dit 'n onbekende faktor is wat nie deur howe bepaal word nie, maar deur die Departement van Korrektiewe Dienste. Verder is die hof telkemale verwys na die toestande in die gevangenisse. Reeds in **S v Holder 1979 (2) SA 70 AA** het Rumpff HR bevind op p. 76 – 77:

> *"****Die konstatering van die feit dat die Republiek se gevangenisse oorvol is, en dit 'n ekonomiese las op die Staat plaas, is feite wat niks te doen het met die vraag wat 'n gepaste vonnis in 'n besondere geval is nie.*** *Die oorvol gevangenisse mag te wyte wees, oa, aan die groei van stedelike bevolking met meegaande vermeerdering in ernstige misdade en 'n versuim om voldoende gevangenisse te bou. Dit is 'n ernstige mistasting in die meerderheidsuitspraak om in 'n besondere geval op hierdie feite staat te maak."* (Hof se klem)

[40] Daar is ook klem gelê dat persone wat korrektiewe toesig kry veel beter behandeling vir depressie en rehabilitasie kan verkry. Dit is egter sekerlik nie die toets nie. In **S v Lister 1993 (2) SASV 228 (A)** bevind Nienaber AR op p. 232:

*"Prison, one knows, is not a congenial place and the conditions may well be less than ideal for psychotherapy. But then, a prison is primarily an institution of punishment, not cure. As the Court a quo was at pains to point out, the approach of a sentencing officer is not the same as that of a psychiatrist. The sentencing officer takes account of all the recognised aims of sentencing including retribution; the psychiatrist is concerned with diagnosis and rehabilitation.* ***To focus on the well-being of the accused at the expense of the other aims of sentencing, such as the interests of the community, is to distort the process and to produce, in all likelihood, a warped sentence.****"*
(Hof se klem)

[41] In **S v Johaar 2010 (1) SASV 23 (HHA)** in par 14 bevind Griesel WnAR:

*"****Waar 'n veelvuldigheid van misdade bestraf moet word, moet die hof ag slaan op die totaliteit van die betrokke misdadige optrede en sigself afvra wat die gepaste vonnis is vir al die misdade gesamentlik.*** *Waar die vonnis ten opsigte van aanklag 1 dus moontlik gekritiseer mag word dat dit te swaar is, is die vonnisse op ander aanklagte (bv die aanklagte van roof met verswarende omstandighede), aan die ander kant, op die oog af aan die ligte kant."*
(Hof se klem)

[42] Die hof neem ook in aanmerking dat die ouderdomsprofiel van die slagoffers aandui dat 75% van die beleggers ouer as 40 jaar was, terwyl 28% tussen 50

en 97 jaar oud was. Dit bevestig die getuienis dat talle mense hulle pensioene en afleggingspakette belê het in die onderneming.

[43] Beskuldigde 1 is skuldig bevind aan drie klagtes waar die maksimum vonnis R1000 miljoen óf lewenslange gevangenisstraf is. Sy is skuldig aan tien klagtes van geldwassery in terme van artikel 4 van POCA. Sy is skuldig bevind aan 31 215 klagtes van bedrog waar minimum vonnisse van toepassing is. Sy is ook skuldig bevind aan oortreding van artikel 11(1) (1 klagte); artikels 84(8)(c) (5 klagtes); artikel 84(8)(d) (12 698 klagtes) en artikel 83(3)(a) (44 573 klagtes) van die Bankwet. Sy is skuldig bevind aan drie klagtes van oortreding van artikel 135(3)(a) van die Insolvensiewet. Sy is skuldig bevind aan 9 070 klagtes van oortreding van artikel 42 van die Koöperasiewet. Sy is skuldig bevind aan 2 039 klagtes van oortreding van artikel 104(1)(d) van die Inkomstebelastingwet. Sy is skuldig bevind aan 816 klagtes van diefstal. Sy is skuldig bevind aan 17 972 klagtes van die bedryf van 'n skadelike sakepraktyk naamlik 'n vermenigvuldigingskema; en 1 klagte van oortreding van artikel 64(2) van die Wet op Beslote Korporasies. Dan is sy skuldig bevind aan drie klagtes van oortreding van artikel 424(3) van die Maatskappywet.

[44] Beskuldigde 1 was die persoon wat vanaf die begin van MP Finance in 1998 tot aan die einde van Krion in Junie 2002 die onderneming bestuur en bedryf het deur 'n patroon van rampokkery. Die hof moet in aanmerking neem dat sy, ongeag van vele waarskuwings en 'n verbod om voort te gaan deur die

owerhede, net voortgegaan het met die onderneming. Die hof moet verder in aanmerking neem dat hierdie onderneming vanaf die einde van 1998 tot Junie 2002, 'n tydperk van bykans vier jaar, bedryf is. Dit ongeag die feit dat beskuldigde 1 al vanaf 16 Mei 2000 aan die Departement van Handel en Nywerheid voorgegee het dat alle beleggers terugbetaal is en dat daar nie voortgegaan word met die onderneming nie. Sy het reeds in Desember 2000 geweet sy tree in stryd met die Bankwet op. Hierdie optrede van beskuldigde 1 dui daarop dat sy geensins enige respek vir die waarheid of enige gesag gehad het nie. Sy het haar bes probeer om haar gedrag en die bedryf van die onderneming te verberg en te verbloem vir die owerhede. Die hof bevind dat dit erg verswarend is, veral in die lig daarvan dat sy doelbewus daarmee voortgegaan het.

[45] Die hof bevind dit ook verswarend dat sy haar kinders en familie betrek het in die onderneming, terwyl sy geweet het dat sy onregmatig opgetree het. Sy het hulle telkemale gerusgestel dat sy met haar regsverteenwoordigers die probleme sou uitsorteer. Dit terwyl sy geweet het dat sy opsetlik nooit die ware toedrag van sake aan haar regsverteenwoordigers geopenbaar het nie en hulle nie die probleme kon uitsorteer op die valse en onvolledige inligting wat sy aan hulle verskaf het nie. Haar optrede het veroorsaak dat beide haar eggenotes, mnre Pelser en Prinsloo, asook haar twee kinders, skoonseun en niggie betrokke geraak het by die onderneming. Sy het ook deur beskuldigde 6, haar niggie, haar onderneming uitgebrei na die Vrystaat en deur middel van agente het sy die onderneming landswyd uitgebrei.

[46] 'n Verdere verswarende faktor is dat sy aan PwC voorgegee het dat sy mnre Louis Strydom en Danie Bredenkamp se hulp verlang om die onderneming te wettig, terwyl sy geweet het dit was blote oëverblindery sodat PwC nie die ware toedrag van sake moes uitvind nie. Sy het daarna eers die agente aangestel en die onderneming teen 'n asemrowende pas uitgebrei. Sy het die ondersoek van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en PwC gebruik om beleggers gerus te stel deur hulle te mislei deur te beweer dat die PwC bevind het dat die onderneming regmatig was. Mev Pieterse, die maatskaplike werker, se getuienis is duidelik dat beskuldigde 1 nog steeds nie volle verantwoordelikheid vir haar optrede aanvaar nie, maar steeds die blaam op haar regsverteenwoordigers en PwC plaas.

[47] Mev Pieterse getuig:

> *"Verantwoordelikheidsaanvaarding deur die beskuldigde word as gedeeltelike evalueer aangesien die beskuldigde slegs sekere aspekte van die aanklagte erken. Die beskuldigde se weergawe van sekere aspekte tydens die proses van verhoor beïndruk as oneerlik en twyfelagtig."*

[48] Die beskuldigde het ook nie onder eed ter strafversagting getuig óf op enige stadium in die hof berou getoon nie. Die hof neem in aanmerking dat 'n persoon wat steeds oortuig is sy is onskuldig nie berou sal toon nie.

[49] Die getuienis van die beleggers was dat hulle alles verloor het tot só 'n mate dat hulle by familie moes intrek óf vir maande saam met die hond moes eet. Die ellende wat hierdie onderneming veroorsaak het word beskryf in 'n verslag wat deur 'n ouditeur, Mnr R G Moore, opgestel is en wat nie deur die verdediging ontken is nie. Mev Pieterse het die verslag van die impak op die slagoffers in haar verslag inkorporeer. Dit is duidelik dat talle mense, waaronder pensioenarisse, alles verloor het. Hierdie feit blyk ook uit getuienis wat in die hof afgelê is. Die onderneming het 'n geweldige invloed op die ekonomie in Vanderbijlpark gehad aangesien skole en kerke voedingskemas moes instel en kospakkies en ander lewensmiddele moes voorsien. Daar is aanmerklik meer gevalle van mense met depressie behandel – tot soveel as 35% meer. Die impak van die ineenstorting van die onderneming het nie net op die beleggers 'n impak gehad nie, maar op die hele gemeenskap wat die slagoffers finansieël, emosioneel en op praktiese wyses moes ondersteun.

[50] Beskuldigde 1 se verskoning was dat persone self gekies het om betrokke te raak, maar is dit duidelik dat sy op die goedgelowigheid en gierigheid van, onder andere, die minderbevoorregtes en ongesofistikeerde mense ten opsigte van finansies geteer het. Die gierigheid van mense is deur Mev Heath, die kliniese sielkundige, as 'n "tsunami" beskryf en het natuurlik bygedra tot die pleging van die misdrywe. Dit is egter nie versagtend nie, aangesien nie een van hulle ooit in kennis gestel is van die ware toedrag van sake nie. Inteendeel, hulle is telkens gerusgestel dat PwC nie fout gevind het

met die onderneming nie. Die feit dat beskuldigde 1 geweet het dat met elke belegging wat sy geneem het sy nie die belegger kon terugbetaal nie het haar nooit gestuit nie. Inteendeel, dit het haar aangespoor om meer en meer beleggings te neem om haar in staat te stel om vorige beleggers gelukkig te hou sodat hulle nuwe beleggers na haar kon verwys. Hierdie optrede het haar ego gestreel, aangesien sy op die hoogtepunt van die onderneming bekend gestaan het as, onder andere, "Die Engel van Vanderbijlpark". Die getuienis was dat sy vanaf Januarie 2002 al meer druk op die agente geplaas het om meer beleggings te kry om die onderneming in staat te stel om vorige beleggers se rente te betaal. Dit is duidelik dat die onderneming té groot geraak het om die rente-uitbetalings vol te hou, terwyl daar geen kapitaal was om die onderneming te steun nie. Die onderneming is as 'n tipiese Ponzi-skema bedryf.

[51] Die lis waarmee beskuldigde 1 te werk gegaan het om die onderneming van die owerhede weg te steek, is uiteraard verswarend. Sy het nie net telkemale blatante leuens vertel om die voorstelling en omvang van die onderneming te verbloem nie, maar het aktief opgetree om die onderneming te vergroot en te verberg. Sy het leningsdokumente laat vervals deur beskuldigde 6 en Mnr Bothma wat aan sy die Suid-Afrikaanse Reserwebank gestuur het om te bewys dat daar lenings in die mark was en om hulle gerus te stel. Sy het erken dat sy talle vals dokumente aan die owerhede voorgehou het om te verhoed dat hulle die onderneming staak. Haar optrede deur voor te gee dat sy van regsverteenwoordigers gebruik gemaak het en voor te gee dat sy van PwC se hulp sou gebruik maak, het die Suid-Afrikaanse Reserwebank

gerusgestel. Die optrede van beskuldigde 1 is verswarend, want dit het haar in staat gestel om die onderneming onder 'n skyn van ordentlikheid, wettigheid en hulpverlening aan pensioenarisse vir byna vier jaar te bedryf. Sy het toe PwC op die toneel verskyn het al die leêrs onmiddellik geskuif, en agente aangestel om te verberg dat die onderneming voortgaan. Haar optrede het dit onmoontlik gemaak vir die owerhede om die omvang en die feit dat sy die onderneming uitbrei vas te stel. Sy het só ver gegaan as om 'n maatskappy te stig met twee wildvreemde mans, naamlik die Van Wyk broers, as direkteure van Krion en te sorg dat haar naam op geen van die maatskappydokumente verskyn nie. Dit terwyl sy weer in die hof getuig het dat Krion haar maatskappy was en die van Wyk's niks met Krion te doen gehad, behalwe waar sy opdragte aan hulle gegee het. Dit is duidelik uit hierdie optrede van beskuldigde 1 dat sy te alle tye bewus was dat sy die onderneming onregmatig bedryf het en tog volgehou het daarmee. Krion is gestig met die uitsluitlike doel om die owerhede om die bos te lei en te verbloem dat sy steeds voortgaan met die onderneming.

[52] Beskuldigde 1 is tans 56 jaar oud en ly aan depressie volgens die kliniese sielkundige en ly aan hoë bloeddruk met hoë cholestrol, wat uit die aard van die saak in die gevangenis behandel kan word.

[53] Haar persoonlike omstandighede is dat sy en beskuldigde 2 geskei is tydens die verhoor. Sy, beskuldigde 5 en die seun, Pierre, beskuldigde 5 se biologiese seun wat sy aangeneem het woon in 'n tuinwoonstel. Hulle is

aangewese op die barmhartigheid van die kerk en die gemeenskap. Pierre is tans 15 jaar oud. Dit is duidelik dat daar 'n baie hegte verhouding tussen hom en beskuldigde 1 bestaan. Die hof het die impak van direkte gevangenisstraf vir beskuldigde 1 op Pierre baie deeglik opgeweeg en kennis van geneem. Dit is só jammer dat by enige misdaad dit die onskuldigde partye is wat net soveel geraak word as die beskuldigdes. Dit is duidelik uit al die getuienis dat Pierre nie 'n gewone, normale en gelukkige kinderlewe gehad het nie en dat die saak reeds 'n groot impak op sy lewe gehad het en ook in die toekoms gaan hê. Mev Pieterse, die maatskaplike werkster, het die hof verseker dat Pierre onmiddellik versorg sal word en dat daar reeds plek vir hom in die Jakaranda Kinderhuis is.

[54] Beskuldigde 1 het steeds in die hof voorgehou dat sy geen misdaad gepleeg het nie, maar slegs die beleggers wou beskerm. Verder het sy telkemale erken dat sy gevrees het die owerhede sal die onderneming staak. Hierdie twee weergawes is nie versoenbaar nie en vind die hof dat haar optrede deurgaans was om te verhoed dat die owerhede teen haar optree, aangesien sy presies geweet het dat haar optrede wederregtelik was.

[55] Tydens haar getuienis in die hof was dit duidelik dat beskuldigde 1 geen insig gehad het in die effek van haar optrede by die pleging van die misdrywe nie. Beskuldigde 1 het geen berou getoon en geen simpatie getoon met die beleggers wat alles verloor het nie. Sy het ook verkies om nie onder eed ter

versagting te getuig nie, maar het staatgemaak op die deskundige verslae en Mnr Pienaar, haar regverteenwoordiger, se pleidooi.

[56] Dit is verder verswarend dat Mnre Blackbeard en Strydom getuig het dat daar baie Ponzi- of piramideskemas per jaar ondersoek word. Dit is duidelik dat daar baie soortgelyke ondernemings in die mark is en die algemene publiek het beskerming nodig teen gewetenlose operateurs van sulke ondernemings. Die getuienis is ook dat as gevolg van hierdie onderneming daar talle ander ondernemings ontstaan het met tragiese gevolge vir die beleggers. Afskrikking by die oplegging van vonnis moet ook in hierdie geval 'n groot rol speel as bogenoemde in ag geneem word. Sien **S v Seegers 1970 (2) SA 506 (AA)** waar AR Rumpff bevind het op p 511:

> *"Prevalence of a particular offence, as such, does not, of course, necessarily elevate a case in which a fine only ought properly to be imposed to the category of cases where imprisonment ought to be imposed.* ***Whether or not the prevalence of a particular offence ought to be considered as an aggravating feature depends entirely on the type of offence committed and the circumstances in which the offence is committed."*** (Hof se klem)

[57] Hierdie *dicta* het direk betrekking op die huidige saak en word as stafverswarend beskou.

[58] Dit is ook verswarend dat die bedrae betrokke in hierdie saak meer as R1,5 miljard was. Daar was ten minste 14 000 beleggers wat R 908 miljoen in Krion belê het en nie terugbetaal is nie.

[59] Die beskuldigde is egter 'n eerste oortreder wat nie op die altaar van voorkoming geoffer moet word nie. In **S v Sobandla 1992 (2) SASV 613 (A)** **bevind Howie AR** op p 617:

> *"Having regard to all the facts of the present matter, however, it seems to me that appellant's counsel was right in contending, in effect, that appellant was sacrificed on the altar of deterrence, thus resulting in his receiving an unduly severe sentence.* ***Where this occurs in the quest for an exemplary sentence, a trial court exercises its discretion improperly or unreasonably****"* (Hof se klem)

[60] Feite is aan die hof voorgehou ter versagting as wesenlike en dwingende omstandighede. Die hof neem in aanmerking dat dit agt jaar geneem het om die saak te finaliseer en die impak wat dit op beskuldigde 1 se fisiese, emosionele en psigiese welstand gehad het soos duidelik blyk uit die deskundiges se getuienis. Hierdie feit word by al die beskuldigdes in aanmerking geneem en derhalwe is die vonnisse wat opgelê word minder as die voorgeskrewe minimum vonisse. Beskuldigde 1 se ouderdom word ook in aanmerking geneem aangesien sy as 'n bejaarde vrou uit die gevangenis sal kom. Sy sal die jare wat sy haar kinders en kleinkinders se grootword en

samesyn kon geniet soos ander vrouens van haar ouderdom, verbeur. Beskuldigde 1 is ook 'n eerste oortreder en al die verslae en getuienis dui daarop dat die kanse gering is dat sy weer 'n misdaad sal pleeg. Die hof bevind dat hierdie feite wesenlik en dwingend is by die oplegging van minimum vonnisse.

[61] Weens die erns en aard van die misdrywe waaraan beskuldigde 1 skuldig bevind is, is die hof na deeglike oorweging van oordeel dat enige ander vonnis as gevangenisstraf nie gepas is nie en derhalwe nie van toepassing is nie.

[62] Beskuldigde 2 is skuldig bevind aan twee klagtes van oortreding van artikel 2 van POCA, waar die maksimum vonnis R 1000 miljoen of lewenslange gevangenisstraf is. Hy is skuldig bevind aan twee klagtes van bedrog; een klagte van oortreding van artikel 11(1) van die Bankwet; 815 klagtes van diefstal; 2 039 klagtes van oortreding van artikel 104(1)(d) van die Inkomstebelastingwet; 17 972 klagtes van bedryf van 'n skadelike sakepraktyk naamlik 'n vermenigvuldigingskema; 1 klagte van oortreding van artikel 64(2) van die Wet op Beslote Korporasies en twee klagtes van oortreding van artikel 424(3) van die Maatskappywet.

[63] Die hof het bevind dat beskuldigde 2 vanaf 27 Mei 2001, die datum waarop Martburt as maatskappy geregistreer is, betrokke was by die onderneming.

Dit is ook bevind dat hy aktief by die onderneming betrokke was na aanleiding van sy deelname aan Martburt, M&B Koöperasie, MP Finance SACCO en Krion. Hy was van die begin af in beheer van ongeveer 65 agente. Hierdie agente is aangestel sodat PwC nie sou weet dat die onderneming voortgaan en uitbrei met astronomiese bedrae nie. Sy naam het deel gevorm van "Martburt" en M&B Koöperasie – hy was dus nie net 'n meeloper nie, maar twee van die entiteite is na hom vernoem.

[64] Dit moet as verswaring in ag geneem word dat beskuldigde 2 'n beleggingsbankier was voordat hy by die onderneming betrokke geraak het. Hy het sy hele werkslewe in die wêreld van finansies gewerk tot met sy aftrede. Beskuldigde 2 was nie net 'n helper óf werknemer in die onderneming nie. Hy het aktief deelgeneem in die onderneming en aktief meegewerk om Krion op die been te bring en te bevorder, terwyl hy geweet het dat dit 'n onwettige onderneming was. Hy het meegewerk om bedrog teenoor beleggers en/óf die Suid-Afrikaanse Reserwebank te pleeg soos die hof reeds bevind het. Daar is geen twyfel by die hof dat beskuldigde 2 deelgeneem het aan die patroon van rampokkery nie. Hy het geweet nuwe beleggers se rente word uit vorige beleggers se beleggings betaal. Hy het aan beleggers op vergaderings verduidelik waarom daar van al die ander entiteite na Krion oorgeteken moet word, terwyl hy geweet het aandele moes in Krion opgeneem word en nie net oorgeteken word uit ander entiteite nie. Hy het die Van Wyk broers gewerf as sogenaamde direkteure van Krion, welwetend dat hulle slegs in naam direkteure sou wees en dat die onderneming sou voortgaan in Krion. Hy het ook aktief meegewerk om vals voorstellings in die

aansoek van MP Finance SACCO vir registrasie daar te stel. Verder het hy wederegtelik en met voorbedagde rade die internetbetalings uit Krion se bankrekening gereël. Alhoewel Mnr Klein betoog dat hy nie seker is oor die bevinding van die hof van wanneer beskuldigde 2 betrokke geraak het in die onderneming nie, blyk dit duidelik dat hy reeds in Mei 2001 aangestel is as direkteur in Martburt en in Junie 2001 vergaderings bygewoon het. Hy was nie net 'n "laatkommer" soos deur Mnr Klein betoog nie, maar het aktief deelgeneem aan die onderneming.

[65] Tot op hede het beskuldigde 2 nog geen verantwoordelikheid vir die misdade aanvaar nie en hou hy steeds vol, volgens die deskundige getuienis, dat hy onskuldig is. Hy verplaas al die blaam na beskuldigde 1. Daar is dus geen sprake van berou by beskuldigde 2 nie. In die lig van sy ontkenning van sy deelname aan die misdade kan die hof nie enige afleiding maak dat hy nie berou toon nie, aangesien daar reeds verlof tot appèl teen die skuldigbevinding liaseer is. Die hof vind dit vreemd dat beskuldigde 2 ook nie ter versagting getuig het nie, maar slegs staatgemaak het op die verslae en getuienis van die deskundiges wat kom getuig het en sy regsverteenwoordiger se argument ter versagting.

[66] Beskuldigde 2 is tans bykans 67 jaar oud en is dus alreeds 'n bejaarde persoon. Hy het geen afhanklikes nie. Hy en beskuldigde 1 was getroud, maar is tydens die verloop van die hofverrigtinge geskei. Die hof neem as strafversagting in aanmerking dat hy 'n eerste oortreder is, veral in die lig van

die hoë ouderdom wat beskuldigde 2 bereik het met 'n skoon rekord. Hy het aansien as 'n goedhartige Christen en sy familie en vriende is geskok oor sy skuldigbevinding. Dit is ook strafversagtend dat beskuldigde 2 sy pensioen verloor het in die onderneming en al sy besittings verloor het met sy inhegtenisname. Hy kry slegs 'n karige pensioen en leef in 'n kamer.

[67] Alhoewel Mnr Klein voorstel dat 'n opgeskorte vonnis of 'n vonnis in terme van artikel 276 (h) van die Strafproseswet opgelê moet word, is die aard en erns van die misdrywe waaraan beskuldigde 2 skuldig bevind is, sodanig dat die hof nie só 'n vonnis kan oorweeg nie. Die tyd wat 'n bejaarde persoon gewoonlik gebruik om terug te kyk na 'n suksesvolle lewe gaan beskuldigde 2 ongelukkig in die gevangenis deurbring sonder die voorreg om tyd met sy kinders en kleinkinders te spandeer.

[68] Die hof se indruk van beskuldigde 2 in die getuiebank was dat hy verontwaardig was dat hy aangekla is. Volgens die deskundige verslag is hy geskok dat hy skuldig bevind is. Dit is wel so dat hy nie van die begin van die onderneming af betrokke was nie, maar sy optrede by die stigting van MP Finance SACCO en Krion, dui daarop dat hy nie net 'n werknemer was nie, maar aktief die onderneming deur 'n patroon van rampokkery help bevorder het. Hy het selfs teenoor Mnr Van Wyk gespog dat hy met die sesde rykste vrou in Suid-Afrika gaan trou, toe hy Mnr Van Wyk gewerf het as direkteur van Krion. Die hof neem ter versagting in aanmerking beskuldigde 2 se ouderdom,

maar dit skeld hom nie kwyt van gevangenisstraf nie. In **S v Zinn *(supra)*** het die hof, na aanleiding van van der Linden 2.2.7 op 541 H bevind:

> *"According to the author, old age, when accompanied by loss of mental capacity, obviously is a ground for mitigation* ***but generally speaking old age is not a ground for leniency,****..."* (Hof se klem)

[69] In **St v Heller 1971 (2) SA 29 (AA)** op 55 bevind die hof:

> *"The appellant was 62 years of age when he was convicted, a circumstance which evokes a note of compassion in considering the bleak recompense of imprisonment in the afternoon of his years."*

[70] In **S v Munyai & Others 1993 (1) SACR 252 (A)** op 255 bevind Nestadt AR:

> *"Nevertheless, our Courts have (as for example in S v Heller 1971 (2) SA 29 (A) at 55C) treated old age per se as a mitigating factor when deciding on an appropriate period of imprisonment. This has been done on the basis of compassion coupled, I think, with the perception that the community expect old people to be treated with sympathy (D P van der Merwe Sentencing at 5-26). Perhaps the reason for this is embodied in the saying 'pity at last is due to a feeble octogenarian' (Oxford English Dictionary sv 'Octogenarian').* **Even in the absence of any evidence that the first appellant suffered from diminished insight or responsibility, I think that this approach should apply here. Of course, in sentencing, misplaced pity must be guarded against."** (Hof se klem)

[71] Die hof neem beskuldigde 2 se ouderdom in aanmerking, maar moet die hof ook in aanmerking neem dat hy reeds 59 jaar oud was by sy arrestasie. Hy was reeds middeljarig toe hy by die onderneming betrokke geraak het en daarom sal sy ouderdom wel tot 'n mindere mate strafversagtend wees.

[72] Mev Heath, die kliniese sielkundige getuig:

*" Dit is my opinie dat hy waarskynlik besluit het om vir beskuldigde 1 te begin werk grotendeels as gevolg van hulle verhoudig, die geselskap en die saamwees,* ***nie dat aansien en geld geen rol gespeel het****."*

[73] Beskuldigde 3 is die dogter van beskuldigde 1. Beskuldigde 3 is skuldig bevind aan twee klagtes waar die maksimum vonnis R1000 miljoen óf lewenslange gevangenisstraf is; sy is skuldig bevind aan 1 klagte van oortreding van artikel 11(1) van die Bankwet. Sy is verder skuldig bevind aan een klagte van bedrog; skuldig aan drie klagtes van oortreding van artikel 135(3)(a) van die Insolvensiewet; 12 697 klagtes van oortreding van artikel 84(8)(d) van die Bankwet; 44 573 klagtes van oortreding van artikel 83(3)(a) van die Bankwet; 2 039 klagtes van oortreding van artikel 104(1)(d) van die Inkomstebelastingwet; 815 klagtes van diefstal; 17 972 klagtes van bedryf van 'n skadelike sakepraktyk; een klagte van oortreding van artikel 64(2) van die Wet op Beslote Korporasies en drie klagtes van oortreding van artikel 424(3) van die Maatskappywet; een klagte van oortreding van artikel 75(1)(a) van die

Inkomstebelasting Wet en twee klagtes van oortreding van artikel 104 (1)(a) van die Inkomstebelasting Wet.

[74] Sy was van die begin af in diens van die onderneming. Sy en beskuldigde 5 is op 29 Desember 1998 aangestel as lede van MP Finance BK, die eerste entiteit van die onderneming. Sy was bewus van die feit dat geen verdere deposito's geneem kon word nadat die Departement van Handel en Nywerheid dit verbied het in Mei 2000 nie en het geweet dat beskuldigde 1 voorgegee het alle deposito's terugbetaal is. Sy was teenwoordig tydens die vergadering op 6 Junie 2001 toe PwC onomwonde verklaar het dat geen verdere deposito's geneem kon word nie, maar het geen ag geslaan op hierdie bevele van die owerhede nie.

[75] Sy het getuig dat sy voortgegaan het met die onderneming omdat beskuldigde 1 haar aangesê het om voort te gaan. Dit is duidelik uit haar getuienis dat sy geweet het daar is 'n probleem aangesien sy op 'n stadium aan beskuldigde 1 gevra het hoe die rente uitbetaal word, aangesien daar meer uitbetalings as beleggings was. Die hof het reeds bevind dat dit beskuldigde 3 gepas het om nie vrae te vra óf self ondersoek in te stel na die onderneming nie, alhoewel sy deurgaans bewus was van probleme met die Departement van Handel en Nywerheid, PwC en die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Sy het meegehelp om die bestaan en voorstelling van die onderneming te verberg deur niks aan mnre Louis Strydom óf Danie Bredenkamp te laat blyk dat die onderneming steeds voortgegaan het nie, te help om die beleggersleêrs te skuif en weg te steek en steeds as lid, direkteur en werknemer in die onderneming aan te bly tot Junie 2002.

[76] Sy was 'n direkteur van Madikor en Martburt. Hierdie posisie van beskuldigde 3 is verswarend aangesien sy nie 'n ongeletterde persoon was nie en presies geweet het dat die doel was om die onderneming te verberg en te verbloem vir PwC. Sy was bewus daarvan dat die onderneming voortgaan, terwyl dit deur die owerhede verbied is. Sy het talle geleenthede gehad om die feite van die onderneming aan mnr Danie Bredenkamp te openbaar, maar het aktief besluit om die ware feite ten opsigte van die onderneming te verbloem. Sy was ten volle bewus van die onregmatigheid van die onderneming en het steeds daarmee voortgegaan. Selfs die dag in Junie 2002 toe Mnr Danie Bredenkamp by die Krionkantoor te Constantiakloof opgedaag het, het sy steeds probeer verhoed dat hy die perseel betree en die ware toedrag van sake vasstel.

[77] Beskuldigde 3 is tans 38 jaar oud en is getroud met beskuldigde 4. Sy het vier kinders wat deur haar en beskuldigde 4 grootgemaak word. Slegs die jongste seun is beskuldigde 4 se seun, maar beskuldigde 4 het vandat die kinders klein was af verantwoordelikheid vir al vier kinders aanvaar. Die sielkundige getuig dat beskuldigde 3 dankbaar was teenoor beskuldigde 1 wat haar 'n metode gegee het om te oorleef met drie klein kinders. Die hof neem in aanmerking dat gevangenisstraf van beskuldigdes 3 en 4 'n geweldige impak op die vier kinders sal hê, maar in die lig van die erns en aard van die misdrywe kan die hof nie anders as om direkte gevangenisstraf te oorweeg nadat die hof reeds al die ander vonnis opsies oorweeg het nie.

[78] Die hof het ondersoek ingestel na die kinders se omstandighede sou gevangenisstraf opgelê word en is dit duidelik dat die familie van beskuldigdes 3 en 4 hulle oor die kinders sal ontferm hangende 'n ondersoek deur die Departement van Maatskaplike Dienste en Bevolkingsontwikkeling.

[79] Dit is sô dat beskuldigde 3 deel van 'n familiegroep was tydens die bestaan van die onderneming. Volgens Mev Heath, die kliniese sielkundige, kon die beskuldigdes dus makliker goedgelowig wees en kon mekaar vertrou in omstandighede waar dit nie behoort te gebeur nie, waar sogenaamde groepsdruk kon plaasvind. Dit is ook, volgens Mev Heath, moontlik dat waar daar 'n sterk leiersfiguur was, soos beskuldigde 1, dat familielede dan alle verantwoordelikheid aan haar abdikeer. Die hof kon egter nie hierdie bevinding in hierdie geval maak na aanleiding van die getuienis voor die hof nie. Slegs beskuldigde 6 het ter versagting van vonnis getuig. Beskuldigde 3 het besef dat daar fout is, maar het beskuldigde 1 ten spyte van alles geglo as sy haar gerusgestel het. Dit is egter duidelik dat sy beskuldigde 1 gehelp het en aktief meegedoen het om die ware toedrag van sake van PwC weg te steek, ten spyte van die opdrag om geen verdere deposito's te neem nie. Sy was immers teenwoordig toe hierdie opdrag gegee is.

[80] Ter versagting neem die hof in aanmerking dat verskeie getuies en beskuldigdes 1 en 3 self getuig het dat beskuldigde 1 'n dominerende persoon

was en beskuldigde 3 grootgemaak het om nie vrae te vra as beskuldigde 1 haar opdragte gee nie. Dit verskoon haar egter nie, want op die stadium toe sy by die onderneming betrokke was, was sy reeds 'n volwasse vrou met haar eie kinders wat haar eie besluite ten opsigte van reg en verkeerd moes neem. Sy het dan ook op 'n stadium vrae begin vra aan beskuldigde 1, maar het net te geredelik beskuldigde 1 se woord aanvaar. Sy het nooit vir beskuldigde 1 gevra waarom hulle voortgaan met die onderneming ten spyte van die Suid-Afrikaanse Reserwebank se verbod op 6 Junie 2001 om so te doen nie.

[81] Beskuldigde 4 is beskuldigde 3 se eggenoot en beskuldigde 1 se skoonseun. Beskuldigde 4 is skuldig bevind aan ernstige klagtes waarvoor minimum vonnisse voorgeskryf word en aan oortreding van POCA waar die maksimum vonnis R 1 000 miljoen óf lewenslange gevangenisstraf is. Dit is dus duidelik dat hier baie ernstige misdade ter sprake is. Beskuldigde 4 is skuldig bevind aan twee klagtes waar die maksimum vonnis R1000 miljoen óf lewenslange gevangenisstraf is. Hy is skuldig aan sewe klagtes van geldwassery in terme van artikel 4 van POCA; 1 klagte van oortreding van artikel 11(1) van die Bankwet; twee klagtes van bedrog; en een klagte van oortreding van artikel 135(3)(a) van die Insolvensiewet. Hy is ook skuldig bevind aan 12 697 klagtes van oortreding van artikel 84(8)(d) van die Bankwet; 9 070 klagtes van oortreding van artikel 42 van die Koöperasiewet; 2039 klagtes van oortreding van artikel 104(1)(d) van die Inkomstebelastingwet en 815 klagtes van diefstal. Hy is verder skuldig bevind aan 17 972 klagtes van die bedryf van 'n skadelike sakepraktyk; en drie klagtes van oortreding van artikel 424(3) van die Maatskappywet.

[82] Beskuldigde 4 was vanaf 1999 werksaam by die onderneming in verskillende en verskeie hoedanighede. Beskuldigdes 3 en 4 se seun André is in Augustus 1999 gebore en is tans 11 jaar oud. Die drie kinders van beskuldigde 3 is tans onderskeidelik 16 jaar, 14 jaar en 13 jaar oud. Beskuldigde 4 aanvaar volle verantwoordelikheid vir die 3 kinders asof hulle sy eie kinders is, alhoewel hy hulle nooit regtens aangeneem het nie. Beide beskuldigdes 3 en 4 het nadat hulle op borgtog vrygelaat is, gewerk in talle plekke om sodoende vir hulle en die kinders te versorg. Beide beskuldigdes het die hof beïndruk dat hulle sorgsame ouers is wat bekommerd is oor wat met hulle kinders sal gebeur as gevangenisstraf aan hulle opgelê word. Dit is ook duidelik dat hulle reeds pro-aktief opgetree het en dat die kinders deur familielede versorg sal word. Beide beskuldigdes 3 en 4 het vir bykans vier jaar by SBV Dienste gewerk totdat hulle skuldig bevind is. Die maatskaplike werkster het 'n tuisbesoek gedoen en voer die gesin volgens haar 'n karige bestaan, maar probeer die beste doen met beperkte lewensmiddele.

[83] Beskuldigde 4 is tans 41 jaar oud en staar 'n termyn gevangenisstraf in die oë. Die feit dat daar sewe jaar gesloer is voordat die saak bereg is het 'n negatiewe impak op beskuldigdes 3, 4 en hulle kinders se lewens in alle opsigte gehad. Die hof neem dit as 'n versagtende faktor wat wesenlike en dwingende omstandighede daarstel in aanmerking ten opsigte van beide beskuldigde 3 en 4. Beskuldigde 4 is ook 'n eerste oortreder wat nog nooit tevore met die gereg gebots het nie.

[84] Die verswarende faktore wat die hof in aanmerking neem is dat beskuldigde 4 van die begin af betrokke was by die onderneming totdat Krion gelikwideer is – 'n tydperk van vier jaar. Hy het vanaf Junie 2001 geweet daar mag geen verdere depositos geneem word nie, maar het voortgegaan om depositos te neem. Alhoewel hy en beskuldigde 1 tans in 'n slegte verhouding verkeer, was die getuienis dat hy beskuldigde 1 se vertroueling was en daarom meer geweet het as sommige van die ander beskuldigdes van die onderneming. Hy is skuldig bevind aan baie ernstige oortredings. Sy gedrag het tot gevolg gehad dat duisende mense alles wat hulle besit het, verloor het. Hy het toegang tot die rekenaar gehad en was baie meer bewus van die werkswyse van die onderneming en die omvang van die onderneming. Hy het aktief wederregtelik oorplasings uit Krion se bankrekening gedoen om beleggers in vorige entiteite se rente te betaal terwyl hy geweet het dat Mnr van Wyk dit glad nie sou toelaat nie.

[85] Dit is baie verswarend dat, nadat PwC op die toneel verskyn het, hy aktief meegedoen het om die omvang en aard van die onderneming te verbloem. Hy het talle geleenthede gehad om PwC van die ware toedrag van sake in kennis te stel, maar het verkies om dit nie te doen nie. Dit is duidelik uit sy getuienis en die getuienis van die kliniese sielkundige en die maatskaplike werkster dat hy tot op hede geensins verantwoordelikheid aanvaar vir sy optrede nie. Hy hou deurgaans vol dat hy slegs 'n personeellid was, alhoewel die getuienis die teendeel bewys het. Dit is duidelik dat die gemeenskap groot

skade gely het as gevolg van die bedryf van die onderneming. Die hof het die deskundiges se verslae nagegaan en die vonnisse soos daarin voorgestel oorweeg. Al lê die hof se simpatie by die vier minderjarige onskuldige kinders se omstandighede, is die aard en erns van die misdade waaraan beskuldigdes 3 en 4 skuldig bevind is van so 'n aard dat geen ander vonnis as gevangenisstraf in die omstandighede gepas sal wees nie.

[86] Beskuldigde 5 is skuldig bevind aan een klagte waar die maksimum vonnis R1000 miljoen óf lewenslange gevangenisstraf is; een klagte van oortreding van artikel 11(1) van die Bankwet; 44 573 klagtes van oortreding van artikel 83(3)a van die Bankwet; 17 972 klagtes van bedryf van 'n skadelike sakepraktyk; een klagte van oortreding van artikel 64(2) van die Wet op Beslote Korporasie; drie klagtes van oortreding van artikel 424(3) van die Maatskappywet; een klagte van oortreding van artikel 104(1)(d) vandie Inkomstebelastingwet en twee klagtes van oortreding van artikel 104(1)a van die Inkomstebelastingwet.

[87] Beskuldigde 5 is beskuldigde 1 se seun en is tans bykans 34 jaar oud. Hy is saam met beskuldigde 3, sy suster, as 'n lid van die eerste entiteit aangestel deur beskuldigde 1. Hy was ook 'n direkteur van Madikor en het op 28 Mei 2001 die bemarkingsbestuurder van Martburt geword. Hy ontken steeds dat hy enige aandeel aan die onderneming gehad het. Volgens die maatskaplike verslag is beskuldigde 5 bitter en kwaad dat hy skuldig bevind is. Hy woon

tans saam met beskuldigde 1 en sy 15 jarige biologiese seun, Pierre, wat deur sy moeder, beskuldigde 1, wettig aangeneem is.

[88] Beskuldigde 5 ly aan disleksie en aandagafleibare sindroom. Hy het wel N6 voltooi en begin werk. Hy het in Desember 1998 by beskuldigde 1 begin werk en was volgens hom verantwoordelik vir die konstruksiewerk te Promain. Hy was nog altyd emosioneel afhanklik van beskuldigde 1 en wil haar terselfdertyd beskerm volgens die kliniese sielkundige se getuienis. Hy en beskuldigde 3 het nooit 'n emosionele band as broer en suster gevorm nie. Hy het 'n sterk band met sy seun soos blyk uit die verslae en die skrywe wat Pierre aan die hof gerig het.

[89] Dit is duidelik uit die deskundiges se getuienis dat beskuldigde 5 as gevolg van emosionele mishandeling nie altyd volwasse gedrag openbaar nie en 'n afhanklike persoonlikheid het. Die gevolgtrekking van die maatskaplike werkster is dat beskuldigde 5 nooit, as gevolg van sy probleme, aan die gevolge van sy aksies gedink het nie – hy was gelukkig aangesien hy suksesvol en bemagtig gevoel het. Verder is beskuldigde 5 impulsief en prakties aangelê. Hy verloor maklik sy humeur soos dit ook tydens die hofverrigtinge manifesteer het.

[90] Volgens die deskundige het hy staatgemaak op beskuldigde 1. Hy was slegs 22 jaar oud toe hy as 'n direkteur in die onderneming aangestel is en het nooit

vasgestel wat dit beteken of behels het om 'n direkteur van 'n besigheid te wees nie.

[91] Beskuldigde 5 is 'n eerste oortreder wat deur beskuldigde 1 se toedoen in die onderneming betrokke geraak het. Alhoewel hy meer as R10 miljoen se sertifikate geteken het, is dit in die groter opset van die onderneming 'n klein gedeelte van die uiteindelike onderneming en het hy op 'n vroeë stadium reeds nie meer deelgeneem aan die onderneming se dag tot dag beleggings nie, maar was meer betrokke by die konstruksiewerk van die onderneming. Die getuienis was egter dat hy aanvanklik slegs werknemers by die konstruksiewerk afgelaai het en daarna na die onderneming se kantoor is om daar te help met die beleggers. Dit is duidelik dat daar 'n baie goeie verhouding tussen beskuldigde 5 en Pierre is en dat hy met hulp wel 'n vaderfiguur vir Pierre is.

[92] Beskuldigde 5 moes ook agt jaar wag vir die saak om afgehandel te word en word dit ook in sy geval as strafversagtend in aanmerking geneem.

[93] Die hof neem dus beskuldigde 5 se persoonlike omstandighede en intellektuele probleme soos uiteengesit in die deskundiges se getuienis en verslae in ag by oorweging van die oplegging van 'n gepaste vonnis. Die aard van die misdrywe waaraan hy skuldig bevind is, is egter van so 'n aard dat die hof nadat al die vonnis opsies oorweeg is, tot die gevolgtrekking kom dat

slegs gevangenisstraf gepas is. Dit is steeds verswarend, ook in sy geval, dat soveel mense alles verloor het as gevolg van hulle deelname aan die onderneming.

[94] Beskuldigde 6 is die susterskind van beskuldigde 1. Sy is skuldig bevind aan twee klagtes waar lewenslange gevangenisstraf óf R1000 miljoen die voorgeskrewe vonnis is. Sy is skuldig bevind op elf klagtes van oortreding van artikel 4 van POCA – klagtes van geldwassery. Dan is sy skuldig bevind aan een klagte in terme van artikel 11(1) van die Bankwet; skuldig bevind aan twee klagtes van oortreding van artikel 135(3)(a) van die Insolvensiewet; skuldig aan 44 573 klagtes van oortreding van artikel 83(3)(a) van die Bankwet; 17 972 klagtes van die bedryf van 'n skadelike sakepraktyk; een klagte van oortreding van artikel 64(2) van die Wet op Beslote Korporasies; drie klagtes van oortreding van artikel 424(3) van die Maatskappywet; een klagte van oortreding van artikel 104(1)(d) van die Inkomstebelastingwet en een klagte van bedrog;

[95] Beskuldigde 6 is getroud met beskuldigde 7 en is die moeder van twee dogters wat onderskeidelik 17 en 22 jaar oud is. Beskuldigde 6 is 40 jaar oud. Die gesin woon in haar skooonsuster se woning en voer 'n karige bestaan aangesien hulle slegs stukwerk doen. Dit is duidelik uit die sielkundige verslae en getuienis dat die twee dogters erge emosionele trauma ervaar het weens die misdade en die omstandighede wat daarop gevolg het. Die wye negatiewe

publisiteit oor die saak het hierdie kinders net so geraak soos dit die ander beskuldigdes en hulle kinders geraak het.

[96] Sy is 'n eerste oortreder, net soos al die ander beskuldigdes. Die feit dat die saak eers na agt jaar afgehandel word, moet ook in beskuldigde 6 se geval as erg strafversagtend aangemerk word. Dit is duidelik, dat net soos met al die ander beskuldigdes, die tydperk 'n rol sal moet speel by die oplegging van vonnis. Vir agt jaar kon beskuldigdes nie voortgaan met hulle lewens nie en het hulle en hulle gesinne gely onder die onsekerheid. Beskuldigdes 6 en 7 het selfs die plaas wat beskuldigde 7 se vader vir hulle gekoop het verloor in die likwidasie van die onderneming.

[97] Verder is dit versagtend dat alhoewel sy nog steeds 'n agent vir Krion was, het sy nie aktief meegewerk om Krion daar te stel nie. Dit moet egter vermeld word dat die rede was dat beskuldigde 1 haar uitgesluit het as gevolg van haar teenstand teen beskuldigdes 1 en 2 se huwelik. Sy was baie ongelukkig dat sy nie meer 'n direkteur van die onderneming was nie. Sy is vanaf die begin van die onderneming deur beskuldigde 1 in die onderneming aangestel. Hier het die sielkundige getuig dat 'n familiebesigheid waar 'n outoritêre figuur in beheer is, aanleiding kon gee tot goedgelowigheid, de-individuasie en kuddegedrag. Dit was egter nie beskuldigde 6 se getuienis toe sy ter versagting getuig het nie.

[98] Die verswarende omstandighede in beskuldigde 6 se geval is dat sy vanaf die begin van die onderneming betrokke was. Sy het 'n leidende rol gespeel en het waargeneem as beskuldigde 1 nie by die onderneming was nie. Sy aanvaar steeds nie verantwoordelikheid vir haar dade nie en het sy steeds aan die kliniese sielkundige voorgegee dat PwC, die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die Departement van Handel en Nywerheid, net soos sy om die bos gelei is. Dit is ontbloot van alle waarheid, want sy het selfs meegedoen om die onderneming se lêers op haar en beskuldigde 7 se plaas weg te steek vir PwC en het op geen geleentheid na vore gekom en die ware toedrag van sake aan PwC blootgelê nie. Sy het ook die meeste kontant uit die onderneming gekry as Mnr Strydom se onbetwiste getuienis in aanmerking geneem word. Sy het selfs in 'n latere eedsverklaring in hofstukke volgehou om die waarheid te verberg.

[99] Haar weergawe dat sy dadelik PwC probeer help het om die ware toedrag van sake agter te kom, is ook nie waar nie. Sy en beskuldigde 7 het toe hulle hoor PwC is op die plaas, nie onmiddellik teruggekeer na die plaas soos 'n mens normaalweg sou verwag nie, maar is eers na die bank om hulle 14 sluitkassies na te gaan en het daarna die nag by vriende op die dorp oornag. Indien sy onskuldig was sou haar eerste gedagte ook nie gewees het om 'n prokureur en advokaat saam te neem plaas toe om met PwC te praat nie. Haar gedeelte van die onderneming was só groot en van só 'n aard dat sy werknemers aangestel het om haar te help met die administrasie van die onderneming.

[100] Die finansiële state van die boerdery het ook geensins die ware toedrag van sake weerspieël nie en is Mnr van der Merwe, as boekhouer, gevra om kreatiewe boekhouding toe te pas. Sy getuienis was dat hy op 'n stadium aan beskuldigdes 6 en 7 sou gesê om net op te hou koop, aangesien niemand kon verklaar waar al die kontant vandaan gekom het nie. Sy was 'n direkteur en het ook geweet dat alle beleggings in kontant gedoen word en dat alle uitbetalings ook kontant gedoen is. Daar is in 'n kort tydperk talle eiendomme, asook motors, vragmotors, kunswerke en ander luukses kontant aangekoop deur beskuldigdes 6 en 7. Dit, terwyl beskuldigde 6 geweet het die geld behoort aan die beleggers.

[101] Beskuldigde 6 het ter versagting getuig. Sy was baie emosioneel oor haar kinders en die feit dat hulle moontlik beide ouers in die gevangenis sou hê. Sy het die hof egter meegedeel dat beide dogters, waarvan die oudste reeds meerderjarig is, sou kon aanbly in die huis waar hulle tans is en dat die minderjarige dogter versorg sal wees. Sy het ook aan die hof gesê sy is baie jammer vir die beleggers aangesien sy ook die gevolge van die onderneming self moes ondervind.

[102] Indien die hof die omvang van die misdade waaraan beskuldigde 6 skuldig bevind is en die geweldige skade wat aan talle mense berokken is in aanmerking neem, kan die hof nie anders as om te verskil van die

aanbevelings van die sielkundige en die maatskaplike werkster ten opsigte van 'n gepaste vonnis nadat die hof dit oorweeg het nie. Die deskundiges het hulle aanbevelings in die regte perspektief gestel tydens getuienis deur te getuig dat hulle slegs op 'n maatskaplike en sielkundige vlak na die persone van beskuldigdes gelet het. Hulle funksie is slegs om die beskuldigdes as persoon aan die hof voor te lê en nie om gepaste vonnisse voor te skryf nie.

[103] Die erns en omvang van die misdade regverdig nie die strawwe wat voorgestel is nie en is die hof van oordeel dat die gemeenskapsbelang nie in ag geneem is met hierdie aanbevelings nie. Die kwessie van vergelding en voorkoming is tereg nie volledig aangespreek in die verslae nie. Die hof is van oordeel dat nie een van die voorgestelde vonnisse toepaslik is vir die misdade waaraan beskuldigde 6 skuldig bevind is nie. Die hof moet al die versagtende en verswarende omstandighede opweeg om die vonnis te bepaal, soos reeds hierbo uiteengesit. Die hof neem al die faktore in aanmerking al word elke faktor nie spesifiek vermeld nie.

[104] Beskuldigde 7 is skuldig bevind aan twee klagtes van geldwassery in terme van artikel 4 van POCA, waar die maksimum vonnis R 100 miljoen óf 30 jaar gevangenisstraf is.

[105] Beskuldig 7 is tans bykans 43 jaar oud, getroud met beskuldigde 6 en vader van 2 dogters, onderskeidelik 22 jaar en 17 jaar oud. Beskuldigde 7 kom uit 'n

gelukkige gesin en het op 'n plaas grootgeword. Hy doen tans stukwerk en die gesin word deur hulle familie onderhou en handhaaf 'n lae lewenstyl. Hy en beskuldigde 6 is reeds 22 jaar getroud en staan by mekaar, ongeag die strafsaak. Dit is duidelik uit die deskundige verslae dat die twee dogters emosioneel en finansieël baie swaar gekry het nadat beskuldigdes 6 en 7 arresteer is. Die feit dat die saak agt jaar geneem het om afgehandel te word het 'n sterk invloed op die gesin gehad.

[106] Beskuldigde 7 is 'n eerste oortreder wat al sy bates verloor het – selfs die plaas wat sy vader vir hom gekoop het en maak staat op familie vir finansiële ondersteuning. Hy het ook berou uitgespreek aangesien soveel mense geld verloor het. Die hof het bevind dat beskuldigde 7 nie 'n aandeel aan die patron van rampokkery gehad het nie, maar hy is tog skuldig bevind aan twee ernstige klagtes.

[107] Die hof bevind dat daar geen gevaar vir die samelewing bestaan dat beskuldigde 7 hom weer aan 'n soortgelyke misdaad skuldig sal maak nie. Die feit dat hy reeds agt jaar verhoorafwagtend was, speel net soos by die ander beskuldigdes 'n groot rol by versagting. 'n Verdere feit wat die hof in aanmerking neem is dat die beskuldigde die vader is van Ankia, wat tans nog minderjarig is en skool bywoon. Alhoewel beskuldigde 7 finansieël gebaat het by die onderneming kan die hof nie bevind dat hy deelgeneem het aan die patroon van rampokkery nie.

[108] In sy geval is die hof van oordeel dat direkte gevangenisstraf nie van pas sal wees as vonnis as al die feite opgeweeg en in aanmerking geneem word en die hof ook in aanmerking neem dat hy een van Ankia se primêre versorgers is wat haar sal kan versorg indien beskuldigde 6 tot gevangenisstraf gevonnis word.

[109] Die hof kan geen soortgelyke saak vind waar die omvang van die saak dieselfde is as in die huidige saak nie.

[110] In **S v Sassin and Others [2003] 4 AllSA 506 (NC)** het Madjiedt R 'n effektiewe vonnis van 15 jaar gevangenisstraf opgelê nadat 'n pleitooreenkoms aangegaan is op 1 527 klagtes van bedrog ten bedrae van R 29 miljoen waarby ongeveer 1 600 beleggers betrokke was.

[111] In **S v Sadler 2000 (1) SASV 331 (SCA)** het Marais AR op p 335 en p 336 bevind:

> *"**So called 'white-collar' crime has, I regret to have to say, often been visited in South African courts with penalties which are calculated to make the game seem worth the candle.** Justifications often advanced for such inadequate penalties are the classification of 'white-collar' crime as non-violent crime and its perpetrators (where they are first offenders) as not truly being 'criminals' or 'prison material'*

*by reason of their often ostensibly respectable histories and backgrounds. Empty generalisations of that kind are of no help in assessing appropriate sentences for 'white-collar' crime.* ***Their premise is that prison is only a place for those who commit crimes of violence and that it is not a place for people from 'respectable' backgrounds even if their dishonesty has caused substantial loss, was resorted to for no other reason than self-enrichment, and entailed gross breaches of trust.***

***[12] These are heresies. Nothing will be gained by lending credence to them. Quite the contrary. The impression that crime of that kind is not regarded by the courts as seriously beyond the pale and will probably not be visited with rigorous punishment will be fostered and more will be tempted to indulge in it.*** *"* (Hof se klem)

[112] In **S v Assante 2003 (2) SASV 107 (SCA)** is die beskuldige skuldig bevind aan 108 klagtes van bedrog waarby R 345 miljoen betrokke was en is tot 24 jaar effektief gevangenisstraf gevonnis.

[113] In **S v Rabie 1975 (4) SA 855 (A)** het Holmes AR bevind op 861:

*"Then there is the approach of mercy or compassion or plain humanity. It has nothing in common with maudlin sympathy for the accused. While recognising that fair punishment may sometimes have to be*

*robust, mercy is a balanced and humane quality of thought which tempers one's approach when considering the basic factors of letting the punishment fit the criminal as well as the crime and being fair to society;"*

[114] Die hof neem dus in al die beskuldigdes se gevalle in aanmerking dat wesenlike en dwingende omstandighede bestaan waarom die minimum vonnis nie opgelê behoort te word nie. Die feit wat die swaarste weeg is dat dit sewe jaar geneem het om die saak voor die hof te bring en verder dat al die beskuldigdes tans voor die hof staan as hulpbehoewende individue wat moet staatmaak op die gemeenskap en kerke se hulp. Die verdere feite het die hof reeds bespreek tydens die bespreking van verswarende en versagtende feite by elke beskuldigde.

[115] Die hof het na deeglike besinning en oorweging tot die gevolgtrekking gekom dat die volgende vonisse gepas sal wees as al die feite, versagtend en verswarend, getuienis van deskundiges, die betoë van die onderskeie regsverteenwoordigers en die gesag in aanmerking geneem word.

[116] Waar die minimum vonnis vir klagtes 15 jaar gevangenisstraf is vind die hof wesenlike en dwingende omstandighede en word mindere vonnisse opgelê.

[117] Derhalwe word die beskuldigdes as volg gevonnis:

**Beskuldigde 1:**

Beskuldigde 1 word as volg gevonnis:

Aanklag 1 - 3: **Oortreding van artikel 2(1)(f),(e) en (b) van POCA, Wet 121 van 1998** – 20 (twintig) jaar gevangenisstraf op elke aanklag -Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 4– 13: **Oortreding van artikel 4 van POCA, Wet 121 van 1998** - 10 (tien) jaar gevangenisstraf op elke aanklag - Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 27: **Oortreding van artikel 11(1) van die Bankwet, Wet 94 van 1990** - 3 (drie) jaar gevangenisstraf

Aanklag 28 – 32, 35, 37, 39, 41, 42, 47: **Bedrog** – 10 (tien) jaar gevangenisstraf op elke aanklag – Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 33, 36, 38, 40, 43: **Oortreding van artikel 84(8)(c) van die Bankwet, Wet 94 van 1990** - 6 (ses) maande gevangenisstraf op elke aanklag – Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 34: **Oortreding van artikel 84(8)(d) van die Bankwet, Wet 94 van 1990** - 6 (ses) maande gevangenisstraf;

Aanklag 33 266 –36 617: **Bedrog** – Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 10 (tien) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 39 068 – 44 550: **Bedrog** – Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 10 (tien) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 50 034 – 54 533: **Bedrog** – Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 10 (tien) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 59 034 – 68 104: **Bedrog** – Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 10 (tien) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 188 911 – 197 707: **Bedrog** – Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 10 (tien) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 218 660 – 218 661: **Bedrog** – Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 10 (tien) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 45, 46, 218 641, 218 642: **Bedrog** – 3 (drie) jaar gevangenisstraf op elke aanklag – Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 48 – 949 (1 Aanklag), 950 – 3 385 (1 Aanklag), 8071 – 11 694 (1 Aanklag):

**Oortreding van artikel 135(3)(a) van die Insolvensiewet, Wet 61 van 1973;** – 6 (ses) maande gevangenisstraf op elke aanklag – Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 20 568 – 33 265: **Oortreding van artikel 84(8)(d) van die Bankwet, Wet 94 van 1990;** – 6 (ses) maande gevangenisstraf op elke aanklag – Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 77 176 – 86 246: **Oortreding van artikel 42 van die Koöperasiewet, Wet 91 van 1981;** Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 1 (een) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 144 337 – 188 910: **Oortreding van artikel 83(3)(a) van die Bankwet, Wet 94 van 1990;** – 6 (ses) maande gevangenisstraf op elke aanklag – Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 197 708 – 199 747: **Oortreding van artikel 104(1)(d) van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962** - Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 5 (vyf) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 199 748 – 200 563: **Diefstal** - Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 10 (tien) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 200 564 – 218 636: **Bedryf van 'n skadelike sakepraktyk** - Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 5 (vyf) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 218 637: **Oortreding van artikel 64(2) van die Wet op Beslote Korporasies, Wet 69 van 1984** - 1 (een) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 218 638, 218 639 en 218 682: **Oortreding van artikel 424(3) van die Maatskappywet, Wet 61 van 1973** - 1 (een) jaar gevangenisstraf op elke aanklagte. - Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 218 683: **Diefstal** - 10 (tien) jaar gevangenisstraf.

Dit word gelas dat 5 (vyf) jaar gevangenisstraf van die vonnisse op aanklagtes 28 – 32, 35, 37, 39, 41, 42 en 47 opgelê samelopend met die vonnis op aanklagtes 1, 2 en 3 uitgedien word. Dit word verder gelas dat al die opgelegde vonnisse samelopend met die vonnisse op aanklagtes 1- 3 uitgedien word. Die effektiewe gevangenisstraf is dus 25 (vyf en twintig) jaar gevangenisstraf.

**Beskuldigde 2**

Beskuldigde 2 word as volg gevonnis:

Aanklag 2 en 3: **Oortreding van artikel 2(1)(f) en 2(1)(b) van POCA** –10 (tien) jaar gevangenisstraf op elke aanklag waarvan 3 (drie) jaar op elke aanklag opgeskort word vir 5 (vyf) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie in die tydperk van opskorting skuldig bevind word aan oortreding van artikel 2 van die Wet op Georganiseerde Misdaad, Wet 121 van 1998 nie. Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 27: **Oortreding van artikel 11(1) van die Bankwet, Wet 94 van 1990** - 1 (een) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 45 en 47: **Bedrog** – 10 (tien) jaar gevangenisstraf op elke aanklagte waarvan 5 (vyf) jaar opgeskort word vir 5 (vyf) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie in die tydperk van opskorting skuldig bevind word aan bedrog nie Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 77 176 – 86 246: **Oortreding van artikel 42 van die Koöperasiewet, Wet 91 van 1981;** Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 1 (een) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 197 708 – 199 747: **Oortreding van artikel 104(1)(d) van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962 -** Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 3 (drie) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 199 748 – 200 563: **Diefstal** - Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 8 (agt) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 200 664 – 218 636: **Bedryf van 'n skadelike sakepraktyk** - Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 3 (drie) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 218 637: **Oortreding van artikel 64(2) van die Wet op Beslote Korporasies, Wet 69 van 1984** - 6 (ses) maande gevangenisstraf;

Aanklag 218 639 en 218 682: **Oortreding van artikel 424(3) van die Maatskappywet, Wet 61 van 1973** - 6 (ses) maande gevangenisstraf op elke aanklagte - Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Dit word gelas dat al die opgelegde vonnisse samelopend met die vonnisse op aanklagtes 2, 3, 45 en 47 uitgedien word. Die effektiewe gevangenisstraf is dus 12 (twaalf) jaar gevangenisstraf.

**Beskuldigde 3**

Beskuldigde 3 word as volg gevonnis:

Aanklag 2 en 3: **Oortreding van artikel 2(1)(e) en (2)(1)(b) van POCA, Wet 121 van 1998** – 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf op elke aanklag waarvan 3 (drie) jaar op elke aanklag opgeskort word vir 5 (vyf) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie in die tydperk van opskorting skuldig bevind word aan oortreding van artikel 2 van die Wet op Georganiseerde Misdaad, Wet 121 van 1998 nie. - Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 27: **Oortreding van artikel 11(1) van die Bankwet, Wet 94 van 1990** - 1 (een) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 31: **Bedrog** – 10 (tien) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 48 – 949 (1 Aanklag), 950 – 3 385 (1 Aanklag), 8071 – 11 694 (1 Aanklag):

**Oortreding van artikel 135(3)(a) van die Insolvensiewet, Wet 61 van 1973;** – 3 (drie) maande gevangenisstraf op elk van die 3 (drie) aanklagte – Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 20 568 – 33 265: **Oortreding van artikel 84(8)(d) van die Bankwet, Wet 94 van 1990;** – 3 (drie) maande gevangenisstraf op elke aanklag – Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 144 337 – 188 910: **Oortreding van artikel 83(3)(a) van die Bankwet, Wet 94 van 1990;** – 3 (drie) maande gevangenisstraf op elke aanklag – Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 197 708 – 199 747: **Oortreding van artikel 104(1)(d) van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962** - Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 3 (drie) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 199 748 – 200 563: **Diefstal** - Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 8 (agt) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 200 664 – 218 636: **Bedryf van 'n skadelike sakepraktyk** - Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 2 (twee) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 218 637: **Oortreding van artikel 64(2) van die Wet op Beslote Korporasies, Wet 69 van 1984** - 6 (ses) maande gevangenisstraf;

Aanklag 218 638, 218 639 en 218 682: **Oortreding van artikel 424(3) van die Maatskappywet, Wet 61 van 1973** - 1 (een) jaar gevangenisstraf op elke aanklagte - Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 218 648: **Oortreding van artikel 75(1)a van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962** - 1 (een) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 218 660 en 218 661: **Oortreding van artikel 104(1)(a) van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962** - 1 (een) jaar gevangenisstraf - Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Dit word gelas dat al die opgelegde vonnisse samelopend met die vonnisse op aanklagtes 2 en 3 uitgedien word. Die effektiewe gevangenisstraf is dus 12 (twaalf) jaar gevangenisstraf.

**Beskuldigde 4**

Beskuldigde 4 word as volg gevonnis:

Aanklag 2 en 3: **Oortreding van artikel 2(1)(e) en 2(1)(b) van POCA, Wet 121 van 1998** – 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf op elke aanklag – Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 4 – 8, 12 en 13: **Oortreding van artikel 4 van POCA, Wet 121 van 1998** - 10 (tien) jaar gevangenisstraf op elke aanklag - Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 27: **Oortreding van artikel 11(1) van die Bankwet, Wet 94 van 1990** - 2 (twee) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 31 en 47: **Bedrog** – 10 (tien) jaar gevangenisstraf op elke aanklag - Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 8071 – 11 694 (1 Aanklag): **Oortreding van artikel 135(3)(a) van die Insolvensiewet, Wet 61 van 1973;** – 3 (drie)

maande gevangenisstraf op elke aanklag – Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 20 568 – 33 265: **Oortreding van artikel 84(8)(d) van die Bankwet, Wet 94 van 1990;** – 3 (drie) maande gevangenisstraf op elke aanklag – Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 77 176 – 86 246: **Oortreding van artikel 42 van die Koöperasiewet, Wet 91 van 1981;** Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 1 (een) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 197 708 – 199 747: **Oortreding van artikel 104(1)(d) van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962** - Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 3 (drie) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 199 748 – 200 563: **Diefstal** - Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 10 (tien) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 200 664 – 218 636: **Bedryf van 'n skadelike sakepraktyk** - Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 2 (twee) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 218 638, 218 639 en 218 682: **Oortreding van artikel 424(3) van die Maatskappywet, Wet 61 van 1973** - 1 (een) jaar gevangenisstraf op elke

aanklagte -Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Dit word gelas dat al die opgelegde vonnisse samelopend met die vonnisse op aanklagtes 2 en 3 uitgedien word. Die effektiewe gevangenisstraf is dus 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf.

**Beskuldigde 5**

Beskuldigde 5 word as volg gevonnis:

Aanklag 3: **Oortreding van artikel 2(1)(b) van POCA** –10 (tien) jaar gevangenisstraf waarvan 5 (vyf) jaar opgeskort word vir 5 (vyf) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie in die tydperk van opskorting skuldig bevind word aan oortreding van artikel 2 van die Wet op Georganiseerde Misdaad, Wet 121 van 1998 nie.

Aanklag 27: **Oortreding van artikel 11(1) van die Bankwet, Wet 94 van 1990** – 1 (een) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 144 337 – 188 910: **Oortreding van artikel 83(3)(a) van die Bankwet, Wet 94 van 1990;** – 3 (drie) maande gevangenisstraf op elke aanklag – Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 200 664 – 218 636: **Bedryf van 'n skadelike sakepraktyk** - Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 1 (een) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 218 637: **Oortreding van artikel 64(2) van die Wet op Beslote Korporasies, Wet 69 van 1984** - 3 (drie) maande gevangenisstraf;

Aanklag 218 638, 218 639 en 218 682: **Oortreding van artikel 424(3) van die Maatskappywet, Wet 61 van 1973** - 6 (ses) maande gevangenisstraf op elke aanklagte - Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 218 653: **Oortreding van artikel 104(1)(d) van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962** – 6 (ses) maande gevangenisstraf;

Aanklag 218 660 en 218 661: **Oortreding van artikel 104(1)(a) van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962** – 6 (ses) maande gevangenisstraf op elke aanklagte - Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Dit word gelas dat al die opgelegde vonnisse samelopend met die vonnis op aanklagte 3 uitgedien word. Die effektiewe gevangenisstraf is dus 5 (vyf) jaar gevangenisstraf.

**Beskuldigde 6**

Beskuldigde 6 word as volg gevonnis:

Aanklag 2 en 3: **Oortreding van artikel 2(1)(e) en (2)(1)(b) van POCA, Wet 121 van 1998** – 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf op elke aanklag waarvan 3 (drie) jaar op elke aanklag opgeskort word vir 5 (vyf) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie in die tydperk van opskorting skuldig bevind word aan oortreding van artikel 2 van die Wet op Georganiseerde Misdaad, Wet 121 van 1998 nie. - Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 15, 17– 26: **Oortreding van artikel 4 van POCA, Wet 121 van 1998** -10 (tien) jaar gevangenisstraf op elke aanklag. - Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 27: **Oortreding van artikel 11(1) van die Bankwet, Wet 94 van 1990** - 1 (een) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 950 – 3 385 (1 Aanklag), 8071 – 11 694 (1 Aanklag):

**Oortreding van artikel 135(3)(a) van die Insolvensiewet, Wet 61 van 1973;** – 3 (drie) maande gevangenisstraf op elke aanklag – Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 144 337 – 188 910: **Oortreding van artikel 83(3)(a) van die Bankwet, Wet 94 van 1990;** – 3 (drie) maande gevangenisstraf op elke aanklag – Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 200 664 – 218 636: **Bedryf van 'n skadelike sakepraktyk** - Aanklagtes word saamgeneem vir doeleindes van vonnis - 2 (twee) jaar gevangenisstraf;

Aanklag 218 637: **Oortreding van artikel 64(2) van die Wet op Beslote Korporasies, Wet 69 van 1984** - 6 (ses) maande gevangenisstraf;

Aanklag 218 638, 218 639 en 218 682: **Oortreding van artikel 424(3) van die Maatskappywet, Wet 61 van 1973** - 6 (ses) maande gevangenisstraf op elke aanklagte Dit word gelas dat hierdie vonnisse samelopend uitgedien word;

Aanklag 218 656: **Oortreding van artikel 104(1)(d) van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962** - 6 (ses) maande gevangenisstraf;

Aanklag 218 657: **Bedrog** – 2 (twee) jaar gevangenisstraf;

Dit word gelas dat al die opgelegde vonnisse samelopend met die vonnisse op aanklagtes 2 en 3 uitgedien word. Die effektiewe gevangenisstraf is dus 12 (twaalf) jaar gevangenisstraf.

Beskuldigde 7

Beskuldigde 7 word as volg gevonnis:

Aanklag 14 en 16: **Oortreding van artikel 4 van POCA, Wet 121 van 1998** – Beskuldigde word gevonnis tot 5 (vyf) jaar gevangenisstraf op elke aanklagte opgeskort vir 5 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan oortreding van artikel

4 van die Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad Wet 121 van 1998 tydens die tydperk van opskorting nie.

Die bevel ten opsigte van die 5 minderjarige kinders van beskuldigdes 1, 3, 4 en 5.

Die griffier van hierdie hof word versoek om onmiddelik die Departement van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling te nader en te versoek dat:

1. Die Departement van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling die omstandighede van die 5 minderjarige kinders naamlik Pierre Pelser, Natasha de Beer, Ruan de Beer, Michelle de Beer en Andre Lemstra ondersoek en so gou doenlik die nodige stappe neem om te verseker dat:

1.1 die kinders almal behoorlik versorg word in alle opsigte tydens beskuldigde 1, 3, 4 en 5 se gevangeneskap;

1.2 die kinders in gereelde kontak bly met die beskuldigdes tydens hulle gevangeneskap en dat hulle hul ouers op 'n gereelde basis en dikwels besoek sover as wat die Departement van Korrektiewe Dienste se reëls en regulasies dit toelaat;

alles moontlik in werking gestel word om die kinders se hereniging met hulle ouers te bewerkstellig nadat die ouers hulle vonnisse uitgedien het en dat die belange van die gesin bevorder word.

C Pretorius

Regter van Hooggeregshof

| | |
|---|---|
| Datum Aangehoor | : 26 Julie 2010 tot 11 Mei 2010 |
| Saaknommer | : CC384/2006 |
| Datum van Uitspraak | : 14 Oktober 2010 |
| Namens Die Staat | : Adv AJ Rossouw |
| | : Adv BWM Broughton |
| | : Adv LA Friester-Sampson |
| In opdrag van | : Direkteur van Openbare Vervolging Noord Gauteng |
| Namens Beskuldigde 1 | : Adv JJ Pienaar |
| In opdrag van | : Pretoria Regshulpsentrum |
| Namens Beskuldigde 2 | : Adv HF Klein |
| In opdrag van | : Pretoria Regshulpsentrum |
| Namens Beskuldigdes 3, 4 en 5 | : Adv WA Smit |
| In opdrag van | : Pretoria Regshulpsentrum |
| Namens Beskuldigde 6 en 7 | :Adv C de Beer |
| In opdrag van | : Pretoria Regshulpsentrum |